**Maandag 21 November**

**Skrifgedeelte: Markus 7:1-13**
**Fokusgedeelte: Jesaja 29:13**

## God of tradisie?

Jesus het die Fariseërs van toneelspel beskuldig. Agter ’n masker van navrae oor die optrede van sy dissipels skuil daar vyandskap teen Jesus. Hulle kla oor onrein hande, maar hulle eie hande drup reeds van Jesus se bloed.

Daaroor, sê Hy, het Jesaja al treffend geprofeteer in Jesaja 29:13. Die oordeel wat Jesaja oor die profete en sieners aangekondig het, was geestelike verblinding. Hulle sou wees soos iemand met ’n oop boek, maar hulle kan dit nie lees nie. Dit wat die HERE klinkklaar voor hulle duidelik maak, sal hulle nie begryp nie.

Die Fariseërs het sulke blinde leiers van ’n blinde volk geword. Omdat hulle vir die volk menslike voorskrifte voorhou sodat hulle erediens leë tradisies geword het, maak die HERE hulle nou blind. Blind sodat dat hulle Hom nie as die Messias sal herken nie. Blinde leiers word die voorgangers wat die volk in die afgrond inlei. Net soos hulle leraars, was ook die volk skuldig daaraan dat hulle God eer met hulle lippe, maar hulle hart is ver van Hom verwyder.

Blinde voorgangers is God se oordeel oor ’n volk wat Hom net met die lippe eer, terwyl hulle hart ver van Hom af is.

- Dis net deur die Gees se werk in ons dat ons erediens hartediens bly.
- Net as die Gees in jou voorganger werk, bly sy oë en sy ore oop vir God se lig en sy Woord.

Bid en dank God vir hierdie werk van sy Gees in menseharte.

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*